

28 Mei

Al stort alles in duie, kan jy jou nog steeds op God se verbond beroep

**Skrifgedeelte: Klaagliedere 5
Fokusgedeelte: Klaagliedere 5:19-22**

God se verbondstrou en liefde is so groot dat ons ons diepste nood voor Hom kan bekla. As alles om ons en in ons inmekaar getuimel het, kan Hy ons red en ons eer weer herstel.

In die eerste gedeelte van hoofstuk 5 betreur die Klaaglied-digter die toestand van sy volksgenote wat die ramp van die oorlog oorleef het. Hulle is gestroop van al hulle besittings, hulle gesinne is totaal ontwig, jong dogters is verkrag en daar is selfs nie bejaardes oor nie. Almal is verneder en verarm. Wat hulle die meeste ontstel, is die feit dat hulle pragtige tempel verwoes is. In daardie tyd het al die volke geglo dat die oorloë nie net teen mense gevoer word nie, maar ook teen hulle gode. Daarom is hulle grootste verlies die gedagte dat hulle verhouding met God verbreek is.

So lyk 'n volk as God sy oordeel voltrek het. So lyk die land met sy oorlewendes nadat die oorlog soos 'n verwoestende veldbrand die aarde en alles daarop verskroei het. 'n Volk sonder aansien. 'n Volk vol selfverwyt. 'n Volk in eensaamheid en rou.

Hierdie gevoel kan elke kind van die Here oorweldig wanneer hy of sy deur rampe getref word.

Tog is hierdie toestand nie die einde van die gelowige se lewensverhaal nie. Dit is nou dat hy besef dat God nog altyd daar is. Die Here bly getrou aan sy verbond, en juis nou kan die vernederde en eensame mens sy toevlug tot Hom neem en op grond van sy verbond by Hom pleit.

Daarmee verander die fokus van alle aandag na die Here toe. Hy alleen kan die mure wat platgeslaan is, weer opbou. Niks is te veel van God gevra nie, en daarom pleit die digter dat die Here hom weer geloof sal skenk en dat daar weer 'n intieme verhouding sal wees soos vroeër. Hy besef sy onmag en daarom bid hy dat die Here hom selfs die wil sal gee om te glo.

Sing: Psalm 90:4, 5, 6 (2001-omdigting)

Ds. Bertie Ligthelm (Emeritus)